

Saterdag 15 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Johannes 1 (verkieslik 1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: 2 Johannes 1:9

Hou binne die grense van die waarheid en bly so deur Christus in God

Ons leef in 'n wêreld waar daar vir ons geleer word dat daar geen vaste waarheid is nie. Die moderne mens wil nie hê dat daar grense getrek word tussen waarheid en leuen nie. Elkeen moet vir homself of haarself besluit wat is reg en verkeerd.

Ons het in gister se dagstukkies gesien dat die waarheid verdraai kan word om iets by die gesonde leer by te voeg. Vandag leer die Here ons dat die grense van die waarheid oorgesteek kan word. Die valse leer kan dan meer as ongesond word, dit kan dodelik giftig word en die leuen kan 'n mens sy gemeenskap met God kos.

Die leuen waarteen Johannes sy lesers waarsku, is dat Christus nie waarlik mens geword het nie. As dit so was, sou Hy nie namens die mens vir die sonde van die mens kon betaal nie. Wie so glo, kan nie met God versoen word nie en kan nie deur geloof in Christus, as Verlosser, gemeenskap met God hê nie.

Pas daarom op vir die leuen dat Christus nie deur 'n maagdelike geboorte gebore kon word nie en dat Hy nie waarlik die Seun van God was wat ware mens geword het nie. Ons moet die grense van die waarheid duidelik trek en mense leer dat Jesus Christus waarlik mens geword het om as mens vir ons sonde te betaal met die krag van sy Godheid. So bring Hy jou in heerlike, verlossende en ewige gemeenskap met God.

Wie dit nie glo nie, het nie hierdie gemeenskap met God nie en kan nie gered word nie. Dit is die grens wat God Self trek. Leef ook vandag binne die grense van die waarheid en geniet die heerlike gemeenskap met God deur Christus ons Here.

Sing: Skrifberyming 1-3:1, 3 (Melodie van Ps. 128 pas ook)

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)